# PAD NA JOU HART
vind jou ware noord

## LES-IDEES EN WERKKAARTE VIR DIE KLASKAMER

Henk Viljoen
**Streeksverkoopbestuurder: Binnelands**

012 431 7460; henk.viljoen@nb.co.za
FB: Henk Viljoen (NB-Uitgewers)

**Gratis werksessies beskikbaar**: *luister en praat, lees en kyk, skryfvaardighede, taalaktiwiteite, taksonomieë en assessering*.

**Werkkaarte kan by die volgende webblaaie afgelaai word:**

- http://www.litnet.co.za/Category/akademies/skole
- http://www.litnet.co.za/Article/begripslees-pad-na-jou-hart-boekomslag-as-visuele-teks

**Besoek ook die volgende webtuistes en Facebookbladsye.**

- https://www.facebook.com/PadNaJouHart/info
- https://www.facebook.com/pages/LitNet-Akademies-Kuberklas/398857546832199
- http://www.jongklomp.co.za/
- http://www.nb.co.za/


*(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewer. 2014*

## Die lied, musiekvideo
## Luister en praat, kyk

**Preluister: Bespreek die volgende in groepe/met mekaar.**

- Wie is jou gunsteling sanger/sangeres of sanggroep?
- Waarom hou jy van hierdie kunstenaars?
- Watter tipe effek het hulle musiek op jou?
- Van watter ander tipe musiek hou jy/hou jy nie van nie?
- Dink jy musiek lewer 'n bydrae tot rolprente en TV-programme?



**Tydens luister: Jou onderwyser gaan 'n musieksnit (lied) aan jou voorspeel.** Doen die volgende:

- Sit net en luister na die lied.
- Visualiseer die ritme en woorde van die lied.
- Jou onderwyser gaan dan die musiekvideo aan jou voorspeel. Luister en kyk dus aandagtig.
- Jy gaan dan vrae oor die lied en musiekvideo beantwoord.

***PAD NA JOU HART***

*Woorde en musiek: JOE FOSTER*

*Wag vir my*
*Dis nog nie te laat nie*
*Hierdie pad mag dalk nog lank word*
*Maar ek is nie bang nie*

*Vergewe my*
*My hart is koud, eenvoudig net swaar*
*Ek was grof en onafgewerk*
*Maar eks nog nie daar nie*

*Op pad na jou toe*
*Op die pad na jou hart toe*
*Dis hier waar ek gaan sorg*
*Dat ek jou man gaan word*
*Op pad na jou toe*
*Op die pad na jou hart toe*
*Dis hier waar ek gaan leer*
*Om werklik lief te wees*
*Op pad na jou hart*

*Sit terug*
*Sit terug en hou vas*
*Hierdie pad waarop ons saam loop*
*Hetsy op en af*

*Laat my toe*
*As ek op my knieë voor jou deur kom staan*
*Op die pad na jou hart moes ek leer*
*Dat dit eintlik jou hart is wat hulp vra*

*Op pad na jou toe*
*Op die pad na jou hart toe*
*Dis hier waar ek gaan sorg*
*Dat ek jou man gaan word*
*Op pad na jou toe*
*Op die pad na jou hart toe*
*Dis hier waar ek gaan leer*
*Om werklik lief te wees*
*Op pad na jou hart*


*(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewer. 2014*

*As ek jou hand vat sal jy saam my kan kom?*
*As jy my toelaat mag ek jou dalk verstom*
*En ek belowe jou, jy sal hierna niks ooit kort*
*As ek jou man kan word*

*Op pad na jou toe*
*Op die pad na jou hart toe*


*Dis hier waar ek gaan sorg*
*Dat ek jou man gaan word*
*Op pad na jou toe*
*Op die pad na jou hart toe*
*Dis hier waar ek gaan leer*
*Om werklik lief te wees*
*Op pad na jou hart*

**Postluister: Beantwoord die volgende vrae oor die lied waarna jy geluister het.**

1. Die musiekgroep bestaan uit vier lede. Watter een van die volgende groeplede verskyn eerste in die musiekvideo?



**A: kitaarspeler**



**B: Drommer**



**C: Sanger**

2. Hoeveel verskillende tonele van reguit paaie word in die eerste paar sekondes gebruik?
3. Wat vra die spreker van die geliefde in die lied? Noem ten minste twee dinge.
4. Wat eet die meisie in die motor?
5. Van watter provinsie is die motor in die musiekvideo? Motiveer jou antwoord deur die registrasie nommer neer te skryf.
6. Skryf of die volgende stelling *waar* of *onwaar* is. Gee redes vir jou antwoord.

| Die openingstoneel skep die illusie dat dit 'n motorfiets is wat ry. |
|---|

7. Kies die korrekte antwoord.
   *Die tweede reguit pad loop. . .*
   A. tussen kranse en oop vlaktes.
   B. deur 'n woonbuurt.
   C. langs 'n treinspoor.
   D. oor 'n treinspoor.
8. Voltooi die volgende sin vanuit die lied.

| As ek op my . . . voor jou . . . kom staan. |
|---|

9. Beskryf kortliks hoe die musiekvideo begin.
10. Watter gevoel skep die openingstoneel by jou? Gee redes vir jou antwoord.
11. Sal jy die CD met die musiek wil aankoop? Motiveer jou antwoord.



*(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewer. 2014*

## Die lokfilm (visuele geletterdheid)
## Lees en kyk

**Prelees en kyk: Bestudeer die volgende twee raampies vanuit die lokfilm. Bespreek die vrae met jou maat/in groepe.**



**Raampie 1**



**Raampie 2**

- Waar speel die toneel in raampie 1 af? Gee 'n rede vir jou antwoord.
- Stel die geboue blyplekke of werkplekke voor? Waarom sê jy so?
- Watter afleiding kan jy van die persoon/mense in hierdie tipe omgewing maak?
- Watter tipe kameraskoot word in raampie 2 gebruik?
- Waarom dink jy word hierdie skoot gebruik?

**Tydens lees en kyk: Doen nou die volgende**

- Jou onderwyser gaan nou die lokfilm "Pad na jou hart" vir jou speel.
- Kyk aandagtig daarna.
- Jy mag notas afneem terwyl jy na die lokfilm kyk.
- Jou onderwyser kan die lokfilm 'n tweede keer vir jou wys.
- Jy moet dan die vrae oor die lokfilm beantwoord sonder om weer na die lokfilm te kyk.

**Postlees en kyk: Beantwoord die volgende vrae oor die lokfilm.**

***Vlak 1: Letterlike begrip (Weergee/herroep van inligting vanuit die teks.)***

1. Wat staan op die parkering se randsteen geskryf?
2. Wat is die voorwaardes wat die pa aan die seun stel?
3. Wat is die naam van Thomas Ndlovu se winkel?
4. Basson se pa noem hom nie op sy naam nie. Wat noem hy Basson dan?
5. . . .

***Vlak 2: Herorganiseer (Ontleed/analiseer dit wat in die teks is.)***

6. Verduidelik kortliks wat die pa bedoel "ons is petrol op mekaar se vure".
7. Die seun (Basson) is nie beïndruk met sy pa se DVD-boodskap nie.
   a. Waarom dink jy is dit die geval?
   b. Hoe het Basson hierop gereageer?
8. Watter tipe werk dink jy doen Thomas? Gee redes vir jou antwoord.
9. . . .

*Vir meer soortgelyke en vele meer aktiwiteite, raadpleeg Best Books se Piekfyn Afrikaans Huistaal Graad 4-12 handboeke.*
*Vir bestellings en skoleafslag kontak: henk.viljoen@nb.co.za*
*(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewer. 2014*

***Vlak 3: Afleiding (Lei ondersteunende detail af.)***

10. In die openingstoneel parkeer die motor in 'n spesifieke parkeerruimte/plek. Watter afleiding kan jy van die persoon maak wat hier parkeer?
11. Die pa stuur eerder vir sy seun 'n DVD met sy boodskap. Watter afleiding kan jy hieruit maak?
12. Die pa stel sekere voorwaardes aan die seun. Waarom dink jy stel hy hierdie voorwaardes?
13. Wat kan jy aflei uit die naam "Junior" wat die pa sy seun, Basson, noem?
14. . . .

***Vlak 4: Evaluering (Beoordeel realiteit of verbeelding/fantasie.)***

15. Hoe sou jy op die pa se opdrag gereageer het? Gee redes vir jou antwoord.
16. Sal jy jou motor vir skoene verruil? Motiveer jou antwoord.
17. . . .

***Vlak 5: Waardering (Emosionele respons op die inhoud.)***

18. Sal jy die rolprent wil gaan kyk, of die boek lees? Motiveer jou antwoord.
19. Dink jy die lokfilm slaag in sy doel? Waarom/Waarom nie?
20. . . .

## Ander maniere om vrae oor die lokfilm op te stel.


**Bestudeer die volgende raampies noukeurig. Beantwoord die daaropvolgende vrae.**




1. Watter tipe kamerskoot dink jy word hier gebruik?
2. Waarom is die karakter links nie by sy pa nie?
3. Wat dink jy staan in die brief wat die pa vashou?
4. Die subtitels is in Engels. Waarom word subtitels gebruik?
5. Beskryf die karakter se blyplek waar die toneel afspeel? Wat kan jy van die karakter se lewenswyse en as persoon aflei?



6. Met wie praat hierdie persoon?
7. Watter tipe werk dink jy doen sy? Gee redes vir jou antwoord.




8. Wie lees die brief?
9. Waaroor gaan die brief?
10. Wie is Thomas waarna die eerste sin verwys?
11. Wat het aanleiding tot hierdie brief gegee?
12. Hoe het die leser op die inhoud van die brief gereageer?


*(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewer. 2014*

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL** *(Vrae en taalvlak kan aangepas word.)*

**GRAAD 8**

**VISUELE TEKS - BOEKOMSLAG**

**Leesbegrip**

**Prelees die volgende foto's en titel in jou groep.**









**Bespreek die volgende vrae in jou groep:**

- Waarheen dink jy is die motor op pad?
- Wie dink jy is in die motor?
- Waarvoor word 'n kompas gebruik?
- Watter twee opeenvolgende woorde in die logo hou verband met die kompas?
- Kan jy 'n kompas gebruik om byvoorbeeld van Johannesburg na Kaapstad te reis? Gee 'n rede vir jou antwoord.
- Maak 'n lysie van vyf plekke/dinge wat jy nog wil besoek of doen.

**Tydens lees: Bestudeer die omslag van die roman "Pad na jou hart" op die volgende bladsy.**


*(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewer. 2014*




**Postlees: Beantwoord die volgende vrae oor die omslag in jou werkboek.**

***Vlak 1: Letterlike begrip (Weergee/herroep van inligting vanuit die teks.)***

21. Wie is die skrywer van boek? (1)
22. Skryf twee aparte woorde uit die eerste paragraaf neer wat die manlike karakter beskryf. (1)
23. Waarom is Basson geskok? (1)
24. Beskryf kortliks die ruimte/milieu waar die verhaal volgens die voorblad afspeel. (2)

***Vlak 2: Herorganiseer (Ontleed/analiseer dit wat in die teks is.)***

25. Watter ooreenkoms is daar tussen Amory en Basson? (1)
26. Skryf kortliks in jou woorde neer wat met die woord "fiksie" bedoel word. (1)

***Vlak 3: Afleiding (Lei ondersteunende detail af.)***

27. Lees die volgende sin: "Langs die pad wag 'n beeldskone, *boheemse* meisie."
    a) Skryf jou eie woord neer waarmee "beeldskone" in die sin vervang kan word. (1)

b) Gebruik die volgende woordeboekuittreksel en beskryf wat met die skuinsgedrukte woord bedoel word. (1)

| |
|---|
| Bo•h<u>ee</u>ms [=heemse] 1 Van of uit Boheme. 2 Met betrekking tot die vrye kunstenaarslewe |

28. Francois Bloemhof skryf net romans soos met "Pad na jou hart"
    a) Is die stelling *waar* of *onwaar*? (1)
    b) Haal 'n gedeelte van 'n sin aan om jou antwoord te motiveer. (1)

### *Vlak 4: Evaluering (Beoordeel realiteit of verbeelding/fantasie.)*

29. Is die volgende uitspraak 'n feit of mening? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

| |
|---|
| Die draaiboekteks is "lekker gebeurtenisryk en vol ontdekking en warmte." |

30. Dink jy dit is regverdig dat iemand voorwaardes stel soos in die eerste paragraaf? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

### *Vlak 5: Waardering (Emosionele respons op die inhoud.)*

31. Sal jy die boek graag wil lees? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

**Totaal: 15 punte**

---

**Vir boekbestellings:**

henk.viljoen@nb.co.za

ISBN 9780624065760 *Pad na hart*. Francois Bloemhof. R190,00

Skole kwalifiseer vir afslag.

# AFRIKAANS HUISTAAL
# GRAAD 8

## VRAESTEL 2

Punte: 30
Tyd: 2 uur

### INSTRUKSIES EN INLIGTING

**1.** Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A: Leesbegrip (15 punte)

AFDELING B: Taal (15 punte)

AFDELING C: Kritiese reaksie op literêre teks (10 punte)

**2.** Beantwoord AL die vrae.

**3.** Lees die instruksies by AL die vrae noukeurig deur.

**4.** Begin elke afdeling op ’n NUWE bladsy.

**5.** Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.

**6.** Laat ’n reël oop tussen die antwoorde.

**7.** Skryf netjies met blou of swart ink.

**8.** Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.


*(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewer. 2014*

# AFDELING A: LEESBEGRIP

## Vraag 1: Artikel

**Lees die onderstaande artikel oor die rolprent *Pad na jou hart* aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.**




1 *Pad Na Jou Hart* is die eerste Afrikaanse romantiese avontuur-film in Suid-Afrika. Die storie en draaiboek is geskryf deur Ivan Botha en Donnalee Roberts en word vervaardig deur Danie Bester (Film Factory) asook Ivan Botha en Donnalee Roberts (Memory Box Productions). Die regie is behartig deur Jaco Smit.

2 Ivan Botha (*Bakgat*, *7de Laan*) en Donnalee Roberts (*Klein Karoo*, *7de Laan*) vertolk die hoofrolle. Ander bekende name soos Marius Weyers (*The Gods Must Be Crazy*, *Die Wonderwerker*) David James (*District 9*, *Isidingo*) Franci Swanepoel (*Lien se Lankstaanskoene*, *Binnelanders*) en Marcel Van Heerden (*Verraaiers*, *The Flyer*) is ook deel van die rolverdeling.

3 *Pad Na Jou Hart* is oor 3 300km dwarsdeur Suid-Afrika geskiet. Die film begin in Sandton, Johannesburg en dan reis die karakters na Golden Gate in Clarens, hulle reis verby die Vanderkloof-dam, kuier in die middel van die Groot Karoo in De Aar, stop in Die Wildernis en eindig in Kaapstad.

4 *Pad Na Jou Hart* gaan jou laat lag, huil en weer verlief maak op verlief wees. – "Die mees romantiese film van die jaar" word op 14 Februarie 2014 landswyd in teaters vrygestel. Wanneer Basson van Rensburg (Ivan Botha), 'n jong, aantreklike en selfvoldane besigheidsman, se pa, Van Rensburg senior (Marius Weyers) sterf, het hy vyf dae om by sy pa se begrafnisdiens in Kaapstad uit te kom. Maar hy moet eers sekere take op hierdie reis voltooi voordat hy die suksesvolle familiemaatskappy sy eie kan noem.

5 Basson se ego is onmiddellik geknak tydens sy eerste taak; hy moet sy motorsleutels aan 'n ou vriend van sy pa, Thomas Ndlovu, oorhandig in ruil vir 'n paar handgemaakte "vellies".

6 Basson ontmoet die pragtige, boheemse Amory (Donnalee Roberts) langs die pad waar haar Ford Anglia 'n pap wiel gekry het. Hy sien 'n kettie in haar motor en daag haar uit tot 'n kettieskiet-kompetisie vir 'n rygeleenthied. Amory aanvaar die uitdaging. Basson wen en die twee vreemdelinge vertrek saam op 'n avontuur.

7 Basson besef gou dat Amory op 'n missie van haar eie is wanneer sy 'n item van haar "bucket list' afmerk. Soos wat hulle deur die asemrowende natuurskoon van Suid-Afrika reis ontmoet hulle wonderlike karakters wat sorg vir lekker-lag oomblikke en



*(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewer. 2014*

lewensveranderende ervarings.

8 Basson begin die wêreld deur Amory se oë te sien. Om weer in die liefde te glo was nie deel van enige een se plan nie, maar hulle kan nie help om met elke draai wat die lang pad af Kaap toe maak te besef dat niks nog ooit meer bestem gevoel het nie.

9 Hulle reis neem skielike 'n wending wanneer 'n donker figuur met sy eie agenda hulle inhaal op sy motorfiets. Basson en Amory word gekonfronteer met teleurstelling, hartseer en die wete dat op jou lewenspad is dit onvermydelik dat jy 'n paar slaggate gaan tref of verkeerde afdraaie gaan neem.

10 Dit maak nie saak hoe moeilik die pad mag wees nie, op pad na ware liefde, is waar jy jou ware noord sal vind.

(490 woorde)

**Beantwoord die volgende vrae oor die artikel.**

1.1. Wat het Ivan Botha en Donnalee Roberts volgens paragraaf 1 in gemeen? (2)

1.2. Vir watter twee rolprente is Marius Weyers veral bekend? (1)

1.3. Haal 'n woord vanuit die eerste sin aan wat bewys dat daar geen ander soortgelyke rolprente as *Pad na jou hart* in Suid-Afrika vervaardig is nie. (1)

1.4. Lees die volgende stelling:

> Die rolprent is meestal in die Kaapprovinsie verfilm.

a) Is die stelling *waar* of *onwaar*. (1)

b) Haal 'n gedeelte van 'n sin aan om jou antwoord te bewys. (1)

1.5. Lees die volgende sin.

> "Basson se ego is onmiddellik geknak tydens sy eerste taak "

a) Word die sin letterlik of figuurlik bedoel? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

b) Verduidelik die verskil in betekenis tussen "ego" en eggo" (2)

c) Skryf 'n sinoniem vir die woord "onmiddellik neer. (1)

1.6. Hoe sou jy die tema van die rolprent beskryf volgend die inligting tot jou beskikking? (1)

1.7. Wat is die verhouding tussen Basson senior en Thomas Ndlovu? (1)

1.8. Wat kan jy vanuit die teks aflei oor Thomas Ndlovu se beroep? (1)

1.9. Kies die korrekte antwoord.

*Die woord "boheems in paragraaf 6 beteken . . . .* (1)

A iets of iemand wat bo almal is.

B iets of iemand wat van Boheme kom.

C iets of iemand wat 'n vrye bestaan voer en nie gebind is aan iets is nie.

D iets of iemand wat besonder mooi is.



*(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewer. 2014*

| | | |
|---|---|---|
| 1.10. | In paragraaf 9 word die woorde "donker figuur" gebruik. | |
| | a) Word dit letterlik of figuurlik bedoel? | (1) |
| | b) Gee 'n rede vir jou antwoord. | (1) |
| 1.11. | Die twee hoofkarakters in die rolprent verskil van mekaar. Skryf ten een minste verskil tussen die twee neer wat jy vanuit die artikel kan aflei. | (1) |
| 1.12. | Sou jy van Rensburg Senior se uitdaging aanvaar het? Motiveer jou antwoord. | (1) |
| 1.13. | Sal jy die rolprent gaan kyk volgens die artikel se inhoud? Motiveer jou antwoord. | (1) |

**[20 punte]**

## Vraag 2: Grafiek

Bestudeer die volgende grafiek noukeurig.




**Beantwoord die volgende vrae oor die grafiek.**

| | | |
|---|---|---|
| 2.1. | Wat stel die grafiek voor? | (2) |
| 2.2. | Watter maand het die meeste eenhede verkoop? | (1) |
| 2.3. | Waarom dink jy is daar minder onderwysersgidse (OG) met die CD verkoop? | (1) |

**[4 punte]**

## Vraag 3: Advertensie plakkaat

Bestudeer die advertensie plakkaat aandagtig.




**Beantwoord die volgende vrae oor die advertensie plakkaat.**

3.1. Wie organiseer die funksie? (1)

3.2. Waarom word die funksie georganiseer? (1)

3.3. Jy wil die funksie bywoon. Op watter twee maniere kan jy met die organiseerders kontak maak? (2)

3.4. Lees die volgende stelling.

| Die funksie vind op 14 Februarie 2014 plaas. |
|---|

a) Is die stelling *waar* of *onwaar*? (1)

b) Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

**[6 punte]**

**GROOTTOTAAL: 30÷2 = 15 PUNTE**

## AFDELING B: TAAL IN KONTEKS

### Vraag 4.

**Bestudeer die logo en beantwoord die daaropvolgende vrae.**




4.1. Skryf twee woorde neer waarin dieselfde klank voorkom, maar op twee verskillende maniere gespel word. (1)

4.2. Skryf die meervoud en verkleining van die drie selfstandige naamwoorde in die logo neer. (3)

4.3. Kies die korrekte woord. (1)

*Die woord "na" is ʼn voorbeeld van ʼn . . .*

A tussenwerpsel.

B voorsetsels.

C agtervoegsel.

D voornaamwoord.

4.3. Maak ʼn verhelderde sin met die homofoon van die woord "hart". (1)

4.4. Die woord "ware" word as ʼn byvoeglike naamwoord gebruik. Gebruik die woord as ʼn selfstandige naamwoord in ʼn verhelderde sin. (1)

4.5. Kies die korrekte spelling van die skuinsgedrukte woorde. (1)

| As jy warm kry, trek jy ʼn *badjie; baaitjie; baadjie* aan. |
|---|

4.6. . . . .

**GROOTTOTAAL: 15 PUNTE**

## AFDELING C: KRITIESE REAKSIE OP LITERêRE TEKSTE

Skool se eie keuse.
Raadpleeg ook die *Piekfyn Afrikaans*-reeks deur *Best Books* vir voorbeelde van vraestelle.

**TOTAAL: 10 PUNTE**

**GROOTTOTAAL VAN VRAESTEL: 30**


*(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewer. 2014*

## SKRYFRAAM

### Skryfraam 1

**Lees die volgende:**

**Vul ʼn woord in die onbrekende dele in.**
Op sy vingers is daar . . . Hy het hom nogal altyd verbeel dit laat hom selfs harder slaan, soos . . . Die . . . kop en . . . snor en bokbaardjie rond die prentjie af – en die oë wat so ʼn . . . kyk. Of dit glúúr.
Hy lees die brief nog ʼn keer om seker te maak hy verstaan dit reg.

***Onderwyser se instruksie:***
*Skryf die brief (formeel/informeel?) van ongeveer xxxx woorde (volgens KABV-vereistes) wat die leser lees.*

**Lees verder**
Op die TV, wat ʼn paar meter van hom dreun, word juis gepraat oor die maatskappy se toekom, oor die nuwe rigting wat ingeslaan word.

***Onderwyser se instruksie:***
*Maak ʼn lysie/stel ʼn vraelys op van wat beplan word/kan word.*

### Skryfraam 2

**Lees die volgende:**

Daar is niks om haar teen te beskerm nie. Dis sy wat op die Ford se dak staan, sy wat dit so laat ruk het. Wat so raas.

***Onderwyser se instruksie:***
*Skryf ʼn **dialoog** van ongeveer xxx woorde tussen Basson en Amory van die gebeure wat volg.*

**Lees verder**
Kyk, sê Amory en druk die vonkelwynbottel in sy hande. Haar hande is vry om die derde item op haar lys dood te trek.

***Onderwyser se instruksie:***
*Kyk na die volgende foto en skryf ʼn **beskrywende paragraaf** van ongeveer xxx woorde daaroor.*


*(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewer. 2014*



**Onderwyser se instruksie**

Voltooi die volgende paragraaf. Jy moet 'n totaal van xxx woorde he.

"Drie, twee, een!" tel sy klaar, en . . . .

## Skryfraam 3

**Lees die volgende:**

So, hier stap hy nou. Het mos nie meer die luukse van 'n ryding nie.

***Onderwyser se instruksie:***

*Skryf 'n verhalende paragraaf van ongeveer xxx woorde oor die foto op die volgende bladsy.*


*(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewer. 2014*



**Lees verder**

Soos Basson nader kom, besef hy die motor is nie fabrikaat wat hy onlangs gesien het nie. Dis ook net sy belangstellings in motors wat maak dat hy dit hoegenaamd kan eien.

***Onderwyser se instruksie:***

*Beskryf in ongeveer 50 woorde die tipe motor wat Basson eien.*

**Lees verder**

Basson strek sy nek van kant tot kant en hang sy baadjiesak aand ei moter se binnekant op, aan die handvatsel. Aangesien dit hier is, kan dit net sowel as pakplek dien, tot tyd en wyl. Laat hy ’n bietjie welverdiende rus kry.

***Onderwyser se instruksie:***

*Hou ’n groepbespreking van waar jul dink Basson kom en op pad is.*

**Lees verder:**

Die stem kom van agter hom.

***Onderwyser se instruksie:***

*Skryf ’n die gesprek (dialoog) van ongeveer xxx woorde wat volg.*


*(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewer. 2014*

## Taksonomieë

**Vrae volgens Bloom en Barret se taksonomie**
Bloom se taksonomie is ʼn raamwerk vir denkvaardighede wat differensieer tussen laer- en hoërordevrae.

- *Laerordevrae* handel oor kennis, begrip en toepassing Dis vrae wat minder kritiese denkvaardighede eis, is nie kompleks nie en assesseer laer denkvlakke.
- *Hoërordevrae* is komplekser vrae en vereis hoër denkvlakke.

**Voorbeelde van laerordevrae:**

1. **Kennis**: Wie is al die mense wat . . .?; Wanneer het hulle besluit om . . .?; Wat is die naam van die . . .?
2. **Begrip**: Wat noem ons iemand wat . . .?; Watter drie kenmerke . . .?; Waarom gee die skrywer . . .?
3. **Toepassing**: Weet jy van enige ander . . . ? ; Indien jy in dieselfde situasie is, . . .?

**Voorbeelde van hoërordevrae:**

4. **Ontleding**: Waarom, dink jy, gebruik die skrywer . . .?; Verduidelik die motivering van . . .?
5. **Sintese**: Wat sal gebeur as die hoofkarakter nie . . .?; Indien die verhaal anders kon eindig, wat . . .?
6. **Evaluering**: Wat is die voordele en nadele van . . .?; Gee jou eie gevolgtrekking van . . .?

**Bloom se taksonomie vir die assessering van kognitiewe ontwikkeling**
Bloom het 'n besonder nuttige klassifikasiesisteem ontwikkel wat redelik maklik gebruik kan word. Hy identifiseer ses denkvlakke:

| Denkvlakke | Trefwoorde | Vrae | Aktiwiteite |
|---|---|---|---|
| **Kennisvlak**<br>Die klem val op die geheue en die herroeping van dit wat vroeër geleer is. | • Beskryf/vertel<br>• Definieer<br>• Herinner/herken/ herroep<br>• Onderskei<br>• Identifiseer<br>• Memoriseer<br>• Onthou<br>• Selekteer<br>• Soek/toon aan/wys | • Wat is ?<br>• Wie is . . . ?<br>• Hoeveel . . . ?<br>• Noem die . . . ?<br>• Waar . . . ?<br>• Vertel wat gebeur het toe . . .<br>• Maak 'n lys van die . . . ?<br>• Wat beteken . . . ? | • Maak 'n lys van belangrike gebeurtenisse in . . .<br>• Stel 'n tydlyn saam oor . . . |
| **Begripsvlak**<br>Die leerder moet die direkte en geïmpliseerde | • Assosieer<br>• Beskryf<br>• Demonstreer/ illustreer | • Skryf in jou eie woorde.<br>• Maak 'n opsomming.<br>• Gee 'n kort oorsig. | • Vertel wat gebeur het in jou eie woorde.<br>• Illustreer die |


*(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewer. 2014*

| | | | |
|---|---|---|---|
| betekenis van inligting voldoende verstaan en dit op 'n ander manier kan rangskik. | • Vat saam/som op<br>• Gee weer<br>• Herformuleer/ herskryf<br>• Herrangskik<br>• Identifiseer<br>• Kontrasteer<br>• Parafraseer<br>• Verander<br>• Verduidelik<br>• Vergelyk<br>• Vertaal | • Wie dink jy . . . ?<br>• Onderskei tussen . . .<br>• Waarom tree . . . so op?<br>• Wat dink jy gaan die gevolg wees van . . . ?<br>• Vergelyk . . . en . . . se karaktereienskappe.<br>• Wat was . . . se motief toe hy . . . ?<br>• Watter verhouding bestaan tussen . . . en . . . ?<br>• Gee 'n voorbeeld van . . .<br>• Skryf 'n definisie van . . . | verhaal.<br>• Voltooi die praatborrels van 'n strokiesprent.<br>• Verwerk die verhaal tot 'n toneelstuk.<br>• Maak 'n opsomming van die belangrikste . . .<br>• Gee die gebeure skematies weer.<br>• Teken die verhoogruimte van 'n drama. |
| **Toepassingsvlak**<br>Die leerder moet die kennis waaroor hy/sy beskik en nuwe kennis wat hy/sy begryp, in nuwe situasies toepas. | • Bereken<br>• Demonstreer<br>• Dramatiseer<br>• Gebruik<br>• Gee 'n voorbeeld<br>• Illustreer<br>• Kies<br>• Klassifiseer<br>• Los op<br>• Maak 'n gevolgtrekking<br>• Motiveer | • Hoe sal jy optree as . . . met jou gebeur?<br>• Dramatiseer die episode toe . . .<br>• Stel jou voor jy is . . .<br>• Wat sal *jy* doen as . . . ?<br>• Maak 'n skets van die . . . m.b.v. die verhaalinligting.<br>• Groepeer volgens . . .<br>• Stel instruksies op om . . .<br>• Wat sal verander as . . . ?<br>• Kon dit gebeur het in . . . ?<br>• Wanneer sal dit kan gebeur? | • Ontwerp 'n speletjie om sekere feite in te skerp.<br>• Gee die feite in 'n berig/artikel/verhaal /liedjie weer.<br>• Gebruik sketse om 'n bepaalde aspek mee te demonstreer.<br>• Groepeer feite en herskryf dit in tabelvorm. |
| **Ontledingsvlak**<br>Leerders ontleed inligting om oorsake te identifiseer, tot gevolgtrekkings te kom, bewyse te vind en verbande | • Analiseer/ontleed bepaal<br>• Differensieer/ onderskei<br>• Dui die verskil aan<br>• Gee bewyse<br>• Gee nog voorbeelde<br>• Gee oplossings vir | • Toon aan deur watter ontwikkelingsproses . . . gaan.<br>• Verduidelik simboliek in die teks.<br>• Gaan die gebruik van vooruitskouing en | • Stel 'n vraelys op oor die inligting.<br>• Skryf 'n advertensie om die produk te verkoop.<br>• Gee die verskillende stadia in 'n grafiek vloeidiagram weer. |


*(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewer. 2014*

| | | | |
|---|---|---|---|
| na te gaan.<br><br>Hulle leer om krities inligting te ontleed en om onderliggende verbande te identifiseer en te motiveer/verduidelik/<br>interpreteer. | • Identifiseer kategoriseer<br>• Klassifiseer/rangskik<br>• Selekteer<br>• Toon aan<br>• Verdeel<br>• Vergelyk<br>• Wat is die doel/oorsaak<br>• Wat sal die gevolg wees | terugflitse in die verhaal na.<br>• Watter gebeure is nie logies nie? Motiveer jou antwoord.<br>• Wat is die tema?<br>• Wat moet logies volg op . . . ?<br>• Hoe kan die verhaal ook eindig?<br>• Wat gee aanleiding tot . . . ? | • Rapporteer oor . . .<br>• Skryf 'n koerantverslag oor . . . |
| **Sintesevlak**<br>Deur oorspronklik, verbeeldingryk en oop/divergent te dink, kan leerders losstaande onderdele of feite tot 'n nuwe of unieke geheel (produk) saamvoeg. | • Beplan/ontwerp<br>• Bou/skep/ konstrueer<br>• Formuleer/skryf<br>• Hersien<br>• Produseer<br>• Rangskik<br>• Simboliseer dramatiseer<br>• Illustreer<br>• Kombineer<br>• Komponeer<br>• Kontrasteer<br>• Ontwikkel<br>• Spekuleer/ veralgemeen<br>• Verduidelik hoe<br>• Voorspel | • Wat sal gebeur as . . . ?<br>• Het jy 'n voorstel vir . . . ?<br>• Vertel wat gebeur uit die gesigspunt van . . .<br>• Wat sou 'n oplossing kon wees vir . . . ?<br>• Watter ander maniere is daar om . . . ?<br>• Veronderstel . . . het nie so gereageer nie. Wat sou dan gebeur het? | • Ontwerp 'n nuwe stofomslag vir die boek.<br>• Herskryf die teks as 'n toneelstuk.<br>• Skep 'n nuwe produk om . . .<br>• Gebruik dieselfde karakters en verhaalpatroon om jou eie verhaal te skryf.<br>• Bou 'n model van die dorpie/ buurt waar die verhaal afspeel<br>• Beplan 'n advertensie-veldtog.<br>• Beplan 'n bemarking-strategie.<br>• Vind 'n manier om . . . |
| **Evalueringsvlak**<br>Die leerders moet volgens 'n bepaalde waardesisteem oordeelsvermoë aan die dag lê en 'n eie mening uitspreek. Noukeurige ontleding is 'n voorvereiste vir evaluering. | • Aanbeveel<br>• Beoordeel/evalueer<br>• Bepaal<br>• Besluit/oordeel<br>• Bewys<br>• Gee jou opinie<br>• Hoe dink jy<br>• Lewer kritiek<br>• Oorweeg<br>• Takseer<br>• Verdedig<br>• Vergelyk<br>• Voorspel | • Motiveer jou standpunt/ argument.<br>• Hoe effektief is . . . ?<br>• Is die slot geloofwaardig? Motiveer jou antwoord.<br>• Is die verandering in . . . geloofwaardig? Verduidelik waarom jy so dink.<br>• Watter veranderinge | • Stel 'n lys van kriteria op vir . . .<br>• Ontwerp 'n evalueringsvorm vir . . .<br>• Skryf 'n verslag oor . . .<br>• Debatteer . . .<br>• Skryf 'n brief om verande-ringe aan te beveel vir . . .<br>• Formuleer jou opinie oor . . . |


*(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewer. 2014*

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | beveel jy aan?<br>• Stem . . . se woorde en dade ooreen? Motiveer jou standpunt deur bewyse uit die teks te gee.<br>• Hoe sal jy die krisis hanteer?<br>• Watter rol speel toeval in die verhaal?<br>• Vergelyk die verhaal met 'n ander verhaal wat dieselfde tema het.<br>• Is daar 'n beter oplossing vir . . . ?<br>• Motiveer jou siening.<br>• Bepaal die waarde van . . . | • Motiveer jou standpunt.<br>• Vergelyk die roman met die filmweergawe daarvan.<br>• Stel 'n toets op oor . . .<br>• Lewer kommentaar op die toets oor . . . |

**Vra die volgende soort vrae tydens die verskillende fases van ŉ les:**

- **Wek belangstelling**: Vra vrae wat leerders nuuskierig sal maak oor wat in die les volg (kennisvlak).
- **Raak betrokke**: Leerders moet voel hulle wil betrokke raak by die taak wat gestel word; hulle idees is ŉ belangrik aspek van die leerervaring/leerproses (begripsvlak).
- **Toewyding**: Vra vrae wat uitnodigend is sodat leerders verantwoordelikheid aanvaar om die opdrag/taak uit te voer (toepassingsvlak).
- **Internalisering**: Bring nuwe konsepte/begrippe/kennis in verband met eie ervarings om begrip van nuwe idees te bevorder en dit eie besit te maak (ontledingsvlak); skep ŉ omgewing en geleentheid vir leerders om oor eie gedagtes, gevoelens, houdings, waardes, perspektiewe en ervarings in verhouding met die nuwe inligting/teks te besin.
- **Interpretering**: Dit is die behoefte om die nuutverworwe kennis met ander te deel en uitdrukking te gee aan ŉ begrip daarvan deur met ander daaroor te kommunikeer, terugvoering te ontvang en daarop te reageer (sintesevlak).
- **Evaluering**: Dit is die wil en behoefte om die nuwe kennis op verskillende maniere op die proef te stel en nuwe vrae te formuleer wat mag ontstaan as gevolg van nuwe begrip (evalueringsvlak).

**Barrett se taksonomie**

- Vlak 1 en 2: 40%
- Vlak 3: 40%
- Vlak 4 en 5: 20%


*(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewer. 2014*

**Vergelyking tussen Bloom en Barrett se taksonomieë:**

| Bloom | Barrett |
|---|---|
| Kennis | Letterlik |
| Begrip | Letterlik |
| Toepassing | Herorganisasie |
| Analise | Afleiding |
| Evaluering | Evaluering |
| Sintese | Waardering |

**Vlak 1: Letterlike begrip (40%) *"Lees tussen die lyne*"**

- Direkte kennis/begrip/insig/inligting in teks
- Indirekte kennis/begrip/insig inligting in teks

**Opdragwoorde:**
Gee twee bewyse . . . ; Beskryf; Bespreek; Verduidelik; Identifiseer; Herken; Vertaal; Verstaan; Wie?; Wat?; Waar?; Waarom?; Rangskik; Definieer; Benoem; Herhaal; Memoriseer; Rangskik; Reproduseer; Noem; Waarom word woorde herhaal?; Wat het veroorsaak

**Vlak : Herorganisasie: 40% saam met vlak 1**

- Analisering van feite : Feite kom eksplisiet in teks voor.

**Opdragwoorde**
Klassifiseer; Plaas in groepe; Opsomming van inligting; Parafrasering van inligting; Hoe verskil . . .
Gee direk uit die teks (sonder analise) . . .; Pas . . . toe; Kies; Demonstreer; Illustreer; Oefen; Los . . . op; Gebruik; Skryf.

**Vlak 3: Gevolgtrekking: 40%**

- Intuïsie en persoonlike ervaring
- Idees en inligting wat eksplisiet in teks voorkom
- Denke en verbeelding wat verder as geskrewe teks strek.
- Maak van afleidings en stel hipotese.

**Opdragwoorde:**
Maak van afleidings; Aflei van woorde, frases en uitdrukkingsbetekenisse; Hoofgedagtes van paragrawe; Ander moontlike oplossings; Voorspelling van wat moontlik kan gebeur; Vergelyking van situasies met mekaar; Voorspelling van karakters met mekaar; Afleiding van woordbetekenisse uit konteks; Interpretasie van figuurlike taalgebruik; Analiseer; Bereken; Kategoriseer; Differensieer; Bevraagteken


*(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewer. 2014*

**Vlak 4: Beoordeling van inhoud: *Read beyond the lines* 20% saam met vlak 5**

- Beoordeel 'n teks en vergelyk gegewens met mekaar.
- Eksterne kriteria
- Interne kriteria

**Opdragwoorde;**

Feite en menings; Ooreenkomste en verskille; Stem jy saam of stem jy nie saam nie; Werklikheid of onwerklikheid; Verband met ander verhale of dele van dieselfde verhaal; Goed of sleg; Beoordeling van akkuraatheid, geldigheid, aanvaarbaarheid; Beoordeling van waarde

**Vlak 5: Waardering: *Read beyond the lines*: 20% saam met vlak 4**

- Subjektiewe respons

**Opdragwoorde**

Impak van teks op leser; Hou jy van die teks? Motiveer; Emosionele respons m.b.t. die inhoud van die teks, karakter of gebeure; skrywer se taalgebruik; Wat is jou siening van die gebeure?; Identifisering met die karakters


*(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewer. 2014*